19 September 2022

Familienuus 423

VANUIT DIE SINODEHUIS

Asemskep... Hierdie was 'n vinnige jaar. Na die stadiger tempo van die hele wêreld in 2020/21 voel baie mense bietjie oorweldig deur die eise van die gewone lewe.

Stilte. Stil word. Tot stilstand kom.

Dis nie noodwendig vir ons maklik nie. Ons eie waarde lê dikwels in hoeveel ons kan doen en kan skarrel en kan vertel...

Stil word: om net weer diep te dink oor ons verhoudings, oor perspektief op ons lewens, oor ons verhoudinge met familie en vriende, oor God... Om net weer seker te maak dat ons nog die mense is wat ons graag wil wees, dat ons waardes nog is soos wat die Evangelie ons leer...

GEMEENTES EN LERAARS

Etienne Koekemoer, gemeentebestuurder van Rayton, is op 7 September oorlede. Hy was ook 'n lid van Oostelike Sinode se Personeeldiensgroep. Ons meelewing aan sy vrou, Emma, hulle gesin asook die gemeente.

Ons het vroeër in die jaar genoem dat **Anandie Greyling** van **Pierre van Ryneveld** met baie ernstige mediese behandeling begin het. Goeie nuus: Anandie se behandeling is klaar en die mediese kundiges is baie positief oor haar herstel. Ons is opgewonde en dankbaar!

Edward Kruger is by **Amsterdam** bevestig as Vastetermynleraar. Welkom in Oostelike Sinode!
Dewald Niemandt van **Valleisig** het 'n beroep na Bryanston aangeneem.
Victor Cloete, diensleraar by **Moreletapark**, het 'n beroep as diensleraar by Hoopstad aangeneem.

Ohrigstad het groot uitdagings vir almal wat draf of fietsry. Jou datum is 22 Oktober.

ONS SINODALE DIENSRAAD HET VERGADER

Die Sinodale Diensraad soos verkies tydens ons Sinodesitting het 'n twee-dae vergadering gehou. Ons voorsitter, Tertius Erasmus, het hieroor geskryf.

EKOLOGIE-KAMPE

Eko7-Kamp Die Projekspan vir Ekologie reël 'n kamp vir Graad 7 leerders wat vanaf **2 tot 5 Oktober by Genesaret Kampterrein naby Chrissiesmeer** plaasvind. *Hierdie kamp is bedoel om kinders bewus te maak van die natuur, 'n liefde daarvoor aan te kweek en saam te leer wat ons kan doen om die aarde wat die Here vir ons gegee het, te bewaar.* Die koste vir die kamp is R400-00. Skryf in by Tersia Petzer, ontvangs@sinoos.co.za / 012 804 9543. Die sluitingsdatum is **21 September 2022**. Lees hier meer.

Ekofaktor-Kamp Hierdie kamp word gereël vir Graad 5 – 6 leerders vir 2 – 5 Oktober. Dit word by Bergenrivier Kampterrein (tussen Bronkhorstspruit en WitAsemskepbank) gehou. Dis groot pret.. Kan jy kleilat-gooi? Jy gaan leer... Die volle besonderhede met inskrywingsvorms word hier aangeheg.

VIR ONS FINANSIËLE BEAMPTES SE AANDAG

Gemeentes word herinner dat die **Werkgewer Tussentydse Versoeningsverklaring (EMP501),** beter bekend as die SARS Rekonsiliasie, verskuldig is teen 31 Oktober 2022. Lees meer hieroor in die ingeslote dokumente.

A Guide to the Employer Reconciliation Process External Guide

Guide for Codes Applicable to Employees Tax Certificates 2023 External Guide

Guide for Validation Rules Applicable to Reconciliation Declarations 2023 External Guide

Guide for Completion and Submission of Employees Tax Certificates 2023 External Guide

SAID Tussentydse Rekonsiliasie

SARS Employers Interim Recon Letter 2022

PENSIOENFONDS ADMINISTRASIE

Die **Predikante- en Amptenare Pensioenfonds** het onlangs op verskeie plekke opleidingsessies aangebied. Cathy Odendaal het dokumente versamel wat help met die prosesse van elke maand asook met die aankoms of vertrek van 'n lid.

Pensioenfonds-Administrasie

Quick help guide

STEP more information

SUF Participating Employer Administration Guide_March 2022

The Fund In Detail July 2022 Final 1

Onthou asseblief ook dat **Theo Smith, ons Pensioenfondsbestuurder**, beskikbaar is om te help. Kontak hom by theo@pensioene.co.za of 012 342 0415.

PRODUKTE en TOERUSTING

Die **Hugenotekollege** bied deesdae 'n verskeidenheid van kursusse in Teologie, Maatskaplike Werk en Gemeenskapsontwikkeling aan. Hulle gee inligting oor hulle **Opedag**.

Excelsus is die voertuig van die Teologiese Fakulteit waardeur leraars toegerus word. Hulle stuur telkens die bekendstelling van hulle kursusse na gemeentes en leraars uit. Gee asseblief goeie aandag hieraan. Hulle webwerf is www.excelsus.org.za .

Die Algemene Sinode het 'n nuut opgedateerde weergawe van die **Bestuursgids vir gemeentes, kerkrade en kerkkantore** beskikbaar gestel. Hierdie is 'n administratiewe handleiding oor alles van personeelsake, vergoeding, diensooreenkomste en dissiplinêre prosesse. Dit is op ons webwerf beskikbaar asook by hierdie skakel. Gemeentes wat die gids wil kopieër en probleme daarmee ervaar, kan die Sinodehuis kontak vir hulp.

Uit die Beek verskyn nog steeds! Hier is inligting oor 2023 se weergawe.

Jeanne de Villiers het oorspronklike Kerkmusiek vir kore en ensembles geskep.

UIT ONS SINODEHUIS

Ringe wat in hierdie of die komende weke vergader, moet asseblief hulle getekende sakelys en notule aan argief@sinoos.co.za stuur vir veilige bewaring. Gee ook vir ons die name van die Ringsdiensraad vir die volgende termyn.

Onthou asseblief om die inligting op ons **webwerf** te benut www.sinoos.co.za .

Leraars en kerkkantore kan met groot vrymoedigheid die **personeel** kontak om advies, raad, hulp, ondersteuning – ons help graag. Die personeel is in die Sinodehuis op hulle pos. Ons telefoonnommer is 012 804 9543.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan elkeen wat tot 10 Oktober verjaar.

PREDIKANTE

20 September - Bennie Mostert, Moreletapark

1 Oktober - Tielman Roux, Hendrina
5 Oktober - Neels Marais, kerksondermure
6 Oktober - Luné Dorfling, Ermelo

EMERITI

20 September - Johann van Schalkwyk, Lynnwoodrif 2012
23 September - Neels Du Plessis, Garsfonteinpark 1997
25 September - Gouws van Zyl, Tzaneen 2021
26 September - Johan de Witt, Kapelaan-Generaal SAW 1998
27 September - Koos le Roux, Pretoria-Garsfontein 2017
28 September - Andre Botha, Pretoria-Oosterlig 2016
2 Oktober - Erik Brits, Sabie 2019
5 Oktober - Freek Swanepoel, Skuilkrans Pretoria 2004
7 Oktober - Wentzel Coetzer, Pretoria-Garsfontein 2002
7 Oktober - Andre Fitzgerald, Pretoria-Faerie Glen 2021
9 Oktober - Frans Steenkamp, Witbank-Suid 2021
9 Oktober - Theo Maré, Volksrust-Suid 2004

GEMEENTES

30 September - Basileia (Witbank-Klipfontein) (54)
3 Oktober - Pierre van Ryneveld (38)
4 Oktober - Hendrina (106)
8 Oktober - Chrissiesmeer (95)

Francois Retief
Uitvoerende Amptenaar
uitamp@sinoos.co.za